PRIVAATSKOOL MORIA

☎ **Tel** : (00264) -67 313 051 🖷 **Faks** : 067 313 023
🖃 Posbus 408, Outjo, Namibië, 9000 🖳 **Web** : www.privaatskool-moria.com
@ E-pos : admin@psmoria.com

Omsendskrywe 008 – 2021

1 April 2021

Geagte ouers

1 April – 11 Augustus 2021 – Skakelprogram

Woestynfees:

Vanaf Dinsdag, 6 April tot en met Saterdag, 10 April vind die Woestynfees plaas in Walvisbaai. Moria se eerste netbal en rugby-spanne neem vanjaar deel aan hierdie byeenkoms. Baie sterkte aan ons afrigters, bestuurspanne en spelers wat Moria gaan verteenwoordig. Ons almal ondersteun julle en elke Moria-hart is 100% saam met julle in elke wedstryd! Dankie vir die ywer en toewyding waarmee julle hierdie geleentheid gebruik om ons skool se naam hoog te hou en julle potensiaal te ontwikkel.

Hou hierdie twee spanne se vordering dop met Moria se sosiale media. Wedstryde word ook uitgesaai op “My Zone” en die skakels sal deurgestuur word, sodat ons hierdie spanne deurlopend kan ondersteun.

NASP Ranking Shoot:

Ons boogskutters sal ook op Saterdag, 10 April deelneem aan die amptelike byeenkoms in Walvisbaai. Ons hou duim vas dat dit ‘n windstil dag sal wees en dat die pyle die kolle sal tref! Dankie aan elkeen wat hierdie geleentheid vir ons skuts moontlik maak. Moria is trots op elke skut en voorsien dat hierdie sport nog groot hoogtes gaan bereik. Doen so voort!

Gimnastiek kamp:

Moria Gimnastiekklub bied Maandag, 19 – Vrydag, 23 April ‘n vakansie oefenkamp aan. Die oefenkamp is gemik op gimnaste wat gereed maak vir kompetisies wat in Mei-maand begin. Die volledige program sal uitgegee word aan gimnaste wat deelneem aan die oefenkamp. Dankie aan Coach Eliana en Coach Hennie wat moeite doen met hierdie kamp. Geniet die ekstra oefentyd met ons gimnaste.

Vorderingsverslae:

Vorderingsverslae word uitgestuur op Donderdag, 1 April. Baie sterkte aan almal wat met verwagting daarna uitsien. Baie geluk met mooi uitslae by baie van ons leerders. Daar is egter harde werk wat steeds voorlê. Indien u nie ‘n vorderingsverslag ontvang teen 13:00 op Donderdag, 1 April nie, kan u kontak maak met me. Carmin Liebenberg (081 292 9226). Sy sal beskikbaar wees tot en met 16:00 op Donderdag, 1 April. Maak asb. seker dat die vorderingsverslag nie in u “spambox” lê, voordat u haar kontak nie.

TERMYN 2:

Skooltyd en Skoolklere:

Die tweede termyn skop vir leerders af op die 27ste April. Vanaf daardie dag sal die laerskool en hoërskool hul wintersdrag aantrek en die skool begin ook met wintertyd. Skool-ure sal dus soos volg wees: 07:30 - 13:15. Alle buitemuurse tye sal deur afrigters bevestig word.

Skakelprogram:

By hierdie skrywe is die veranderde skakelprogram vir termyn 2 aangeheg. Die program moes noodwendig aangepas word met die inligting tot die skoolbestuur se beskikking op 30 April 2021. Let wel: Op die 26 ste April sal die Moria-personeel op hulle pos wees en almal kan op daardie dag vanaf 15:00 - 18:00 na die skool kom vir persoonlike gesprekke met die personeel. Moria begin steeds op die 27ste April vir graad 8 – 12-leerders. Die buitemuurse aktiwiteite kan moontlik verander na gelang van Covid-19 regulasies en kalenders wat aangepas word deur die onderskeie sport en ander buitemuurse liggame. Moria het egter nie beheer hieroor nie en onderneem om u op hoogte te hou van moontlike veranderinge. Moria onderneem verder om sekerheid en geleenthede te skep met ons besluite.

Die volgende feite is in ag geneem met die opstel van die tweede termyn se kalender.

- Die tweede termyn strek oor ongeveer 16 weke. Langnaweke en/of ‘n reses sal iewers ingepas moet word.
- Dit word wintertyd en Moria moet in ag neem dat die owerhede dalk weer die skole kan sluit. Maksimum tyd vir akademiese kontaksessies sal ingeruim moet word.
- Mei-maand het vier publieke vakansiedae. Hierdie vakansiedae val nie saam met naweke nie en dit beteken noodwendig dat funksioneel doeltreffende langnaweke moeilik haalbaar is indien ons nie innoverend optree met die publieke vakansiedae tot ons beskikking nie.

Die volgende aanpassings is gemaak (Sien die aangehegte program):

4 Mei – Casinga-dag	Moria het wel skool.
13 - 16 Mei – Moria Langnaweek	Moria wil graag Hemelvaart (13 Mei) huldig as Godsdienstige vakansiedag en sal daarom die dag wat ons wen met die Casinga-skooldag verskuif na die 14 de Mei.
24 – 28 Mei – PSN Afgestel	Soos u reeds weet is die Napso Privaatskole Wintersport-naweek afgestel en sal Moria se program ook aanpas om in daardie week skool te gaan. Daar is egter aan die einde van hierdie week ‘n langnaweek ingeruim. Sien hieronder.
25 Mei – Afrikadag	Moria het wel skool.
28 – 30 Mei – Moria Langnaweek	28 Mei word afgegee om ‘n langnaweek te bewerk. Op 28 Mei sal daar ook groot getalle leerders wees wat deelneem aan die Napso-proewe, wat noodwendig ontwrigting in klasse sal meebring.
16 Junie – Day of the African child	Moria het wel skool.
17-19 Julie – Moria Langnaweek	19 Mei word afgegee, sodat leerders ‘n langnaweek het om voor te berei vir die eksamens wat in die volgende week begin. Dit dien ook as blaaskans vir koshuisleerders wat in die eksamentyd sal inbly.

Neem kennis dat Moria nie onverskillig wil staan teenoor Namibië se publieke vakansiedae nie. Hierdie dae se betekenis sal aan die leerders verduidelik word. Die praktyk leen hom egter nie daartoe dat ons doeltreffende blaaskanse kan bewerk met die akademiese lading wat die bestuur voorsien nie. Indien ons hierdie dae afgee sal ons noodwendig nog meer akademiese tyd moet afstaan. Ons vertrou dat u dit so verstaan.

Afwesighede van leerders:

Daar is 'n kommerwekkende tendens dat ouers leerders uit die skool haal om naweke weg te breek en soms mediese afsprake na te kom. Dit gebeur dat daar op Vrydae somtyds 20% van ons leerders afwesig is - dit is skrikwekkend. Moria se bestuur verstaan dat sommige gebeurlikhede onvermydelik is, maar vra dat ouers deeglik sal beplan om die maksimum akademiese tyd vir u kind te verseker. Die skool kan ongelukkig nie stilstaan wanneer 'n leerder afwesig is nie. Dit is elke ouers en leerder se verantwoordelikheid om sulke afwesighede vooraf per e-pos te kommunikeer, die verlore werk self uit te vind en self in te haal. Voer gesprek hieroor met onderwysers. Moria handhaaf ten alle tye 'n oop-deur beleid hiermee en vertrou dat ons personeel sal optree tot beswil van ons leerders.

Groetnis:

Dit is met 'n tevrede hart dat ek julle groet op hierdie laaste dag van ons eerste termyn in 2021. Alhoewel Covid-19 beperkinge ons program deurmekaar kom krap het, het die Moria-familie dit weer reggekry om meeste van ons beplande aksies uit te voer, al moes ons aanpassings maak om dit te bewerk. Dankie vir elkeen se begrip en samewerking in die verband. 'n Besondere dankie aan die Moria-personeel wat met hart, siel en verstand ingeklim het om kwaliteit-werk te lewer. Julle is staatmakers! Dankie aan elke ouer wat met ons personeel hande gevat het om ons kinders se onderwys, ontwikkeling en opvoeding moontlik te maak. Dankie aan elke leerder wat hier is om in die klas, op die sportveld, kultuur-kamers en sosiale geleenthede te leer en te groei. Julle is die rede waarom ons almal hier saam is. Dankie aan ons Hemelse Vader vir onuitspreeklike seëninge! Ons maak volgende termyn weer so! Mag elkeen van julle 'n geseënde rustyd ervaar. Maak mooi herinneringe!

NEIL PRINSLOO
BEDRYFSHOOF